

# KOMMUNIKAMMA 21 JULIE 2024



Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Nekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za  
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za  
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za  
Jou blokouderling of -diaken

## **WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**

Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:

Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.

Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.

Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

## **PROGRAM VIR DIE WEEK:**

### **Sondag 21 Julie**

**Week 2 van die 4 weke reeks**

Skriflesing: Johannes 4

Tema: Lewende Water

**08:30 EIETDSE DIENS EN KLEUTERKERK**

**09:45 KATEGESE**

**10:00 KLASSIEKE DIENS**

**18:00 LEEF@KERK**

**Ons bevestig tydens die Eietdse erediens vir Christiaan van Niekerk as diaken.**

**Die bedieningsdankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Diens van Barmhartigheid**

### **Maandag 22 Julie**

#### **KERKKANTOOR**

Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD**

Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**18:00 GETUIENIS**

### **Dinsdag 23 Julie**

**17:30 EIENDOMME**

### **Woensdag 24 Julie**

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**

Die nood by en behoefte aan kospakkies by die PE Noord gemeenskap bly baie hoog. Dankie vir elke bydrae.

### Vrydag 26 Julie

#### **05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15.**

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

### Saterdag 27 Julie

MTR Smit kermis vanaf 09:00 op hulle terrein.

### Sondag 28 Julie

#### **08:30 EIETJDSE DIENS EN KLEUTERKERK**

#### **09:45 KATEGES**

#### **10:00 KLASSIEKE DIENS**

#### **18:00 LEEF@KERK**

### Jong Volwassenes Familie ete

Ons jong volwasse groep eet eenkeer 'n maand op 'n Sondag saam. Talle jong volwassenes bly en werk in die stad, met geen Familie naby om saam mee te eet op 'n Sondag nie. Op Sondag 28 Julie hou ons 'n familie ete vanaf 11:30-14:00. Indien jy meer inligting benodig, of wil bywoon, kontak gerus vir Saskia Watson (083 611 8080) of vir Ds Toit.

### GEBEDSAKE:

- Die derde kwartaal en al die werksaamhede wat voorlê.
- Huwelike en families.
- Die gemeente se Diens van Barmhartigheid bedieninge. Bid spesifiek vir die bediening aan die mense van "Place of Hope" informele nedersetting in Groenbossies.
- Marius Breytenbach wat vir 'n groot operasie gaan.
- Vakatures by Grasvoëlkop en PE-Noord gemeentes.
- Al die gebiede in ons land waar rampskade en, op sommige plekke, ook lewensverlies was. Die families van hulle wat oorlede is.
- Ons regering van nasionale eenheid.
- 'n Einde aan die oorloë in Oekraïne, Midde-Ooste en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Die sluit van vrede.

### THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK

Bid saam vir die verspreiding van en diep betrokkenheid in God se Woord in **Kuba**.

### SELGROEP INLIGTING

Dag	Tyd	Naam	Selleier/Kontakpersoon	Tel nommer
<b>Maandag</b>	18:00	Kosmos	Conrad Pienaar	072 227 6356
	19:15	Rose	André Barnard	082 921 8762
<b>Dinsdag</b>	19:00	Voetspore	Rian Viljoen	082 559 7648
<b>Woensdag</b>	18:30	Gazanias (Jong getroudes)	Joukje le Roux	061 075 0405
	18:30	Vygies	Sonja Tait	084 904 9047
	19:00	Papawers	Gert Harmse	082 906 6924
<b>Donderdag</b>	09:30	Welwitschias	Lucian Pienaar	082 773 3315
	19:00	Madelifies	PC van Rooyen	084 960 6289
	19:00	Azaleaps	Jean-Mari Oberholzer	083 657 9194
	19:00	Tulpe	Marlene Postma	082 787 4030

<b>Sondag</b>	18:30	Die Fontein	Ben Fourie	083 448 2137
---------------	-------	-------------	------------	--------------

### **NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, [www.ngkraggakamma.co.za](http://www.ngkraggakamma.co.za) gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

### **EREDIENS EN DIENSBAARHEID VRAELYS**

Voor ons met volgende jaar se beplanning begin, is dit vir die kerkraad baie belangrik om soveel as moontlik lidmate se mening te hoor. Help ons asseblief deur die Erediens en Diensbaarheid vraelys te voltooi. U kan dit in die voorportaal in die houers daarvoor voorsien gooi of dit ingee by die kerkkantoor of dit terugstuur na die kerkkantoor by [kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za](mailto:kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za). Die vraelys is ook beskikbaar op die gemeente se webblad. Die vraelys moet voor of op Woensdag 24 Julie 2024 ingehandig wees.

### **KATEGESE BEPLANNING VIR DIE RES VAN DIE JAAR**

Indien daar enige persone is wat van vandag af vir die eerste keer by Kategese wil inskakel, en onseker is waarheen om te gaan, kan hul Ds Toit voor in die kerkgebou na die erediens ontmoet.

<b>Datum</b>	<b>Kraggakamma Gemeente Kategese 2024.</b>
21 Julie	Gesprek 2. 09:45
28 Julie	Gesprek 3. 09:45 (Ouers woon saam met Kinders Kategese by)
4 Augustus	Gesprek 4. 09:45
25 Augustus	Gesprek 5. 09:45
1 September	Gesinsuitreik 09:30-11:00.
8 September	Gesprek 6. 09:45
15 September	Gesprek 7. 09:45
	VAKANSIE (22-30 September) Belydenisklas kamp 29-30 September
4-6 Oktober	Familie Kamp @Van Stadens Resort
13 Oktober	Gesprek 8: 09:45
20 Oktober	Gesprek 9: 09:45
27 Oktober	Gesprek 10: 09:45
10 November	Gesprek 11: 10:00
17 November	Kategese Afsluiting
3-5 Desember	Graad 7- Graad 12 Tiener Staptoer

### **FAMILIE KAMP 2024**

Inskrywings vir ons familie kamp het oopgemaak. 4-6 Oktober 2024 by Van Stadens resort. Indien jy meer inligting benodig maak gerus kontak met Yolandi van der Merwe (084 705 2714) of Ds Toit Wessels.

### **BEDIENING AAN MENSE VAN "PLACE OF HOPE" INFORMELE NEDERSETTING IN GROENBOSSIES**

Die Welwitschia selgroep is die afgelope 9 jaar betrokke by die nedersetting . Daar woon tans 21 gesinne wat bestaan uit 70 volwassenes en kinders.

Tydens ons selgroep se 1ste besoek aan die nedersetting het ons probeer bepaal wat die inwoners se behoeftes is. Ons het besluit dat die opvoeding en welstand van die kinders vir ons die belangrikste is.

Ons sorg tans vir 5 gesinne met 11 leerders, asook vir 2 gesinne met 2 leerders wat onlangs die nedersetting verlaat het , maar steeds ons ondersteuning benodig . Daar is 4 leerders in die Hoërskool, 8 leerders in die Laerskool en 1 leerder in Merryvale .

Ons skakel gereeld met Laerskool Altona om ons op hoogte te hou met ons leerders se welstand en skoolbywoning. Ons is baie dank verskuldig aan die skoolhoof, Me Benita Duminy, en personeel vir hul spesiale aandag , liefde en ondersteuning van ons kosbare kinders. Ons besoek die skool gereeld tydens aankope van skooldrag en neem dan bederfpakkies vir die leerders.

Geld word aangewend vir volgende aankope : Skooldrag (ingesluit sweetpakke vir wintermaande ) ; Skryfbehoeftes (ingesluit sakrekenaars ) ; Toiletware asook waspoeier ens.; “Hampers” (kospakkies) plus vars groente en vrugte ; Kerspartytjies en Geskenke (die afgelope paar jaar het ons besluit om geld liever aan te wend vir aankoop van skryfbehoeftes en skooldrag vir die nuwe skooljaar as gevolg van stygende pryse en aangesien ander instansies ook uitreik tydens die Kersgety .

Toebroodjie projek: Laerskool Altona – geld word kwartaalliks inbetaal uit selgroep se weeklikse bydrae.

Ons is baie bevoorreg en nederig dankbaar vir finansiële skenkings van ons weldoeners (wie anoniem wil bly). Sonder hul gereelde bydrae sal ons nie kan voortgaan met ons uitreike nie . Ons dank aan Tafelronde wat in die verlede ‘n GrR leerder se jaarlikse skoolgeld betaal het .Ons ontvang skenkings van klerasie , beddegoed , breekware, boeke ens. Ongelukkig is skenkings van kospakkies baie beperk. Tydens ons uitreike het ons ook gesorg dat al die inwoners Bybels het en het skenkings van Kindersbybels en werkboekies van die Bybelgenoodskap ontvang .

Ons is innig dankbaar vir almal wat ons in hul gebede hou. Alle lof en eer aan ons Hemelse Vader wat ons met Sy liefde en genade dra!! Hierdie uitreike verryk ons lewens en maak ons meer bewus van al ons seëninge - LEEF IN DANKBAARHEID!!! Vir meer inligting oor hierdie besondere bediening kan jy met Carol Botha by sel: 076 935 5466 kontak.

### **CANTANDO@ALGOA**

Cantando@Algoa bied op Sondag 28 Julie om 15:00 ‘n middag van koor- en hartlike samesang aan by die NG Lorraine Famaliekkerk. Toegang is gratis, maar enige donasie sal waardeer word. Kontak Erica Basson (082 467 6602) vir meer inligting.

### **VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- |          |   |
|----------|---|
| 21 Julie | Ronelle Niit en Adele Saunders  |
| 22 Julie | Lienke Els, Marita Langenhoven, Erna Slabbert en Ronel van der Colf                 |
| 23 Julie | Pieter-Lafras Aylward, Frans Janse van Rensburg, Eric Landman en Christiaan Pienaar |
| 24 Julie | Hanru Bakkes, Jaco Kotze en Abrie Nortjé  |
| 25 Julie | Nell Joubert, Elize van den Berg, Luna van der Merwe en Justin Wilken               |
| 26 Julie | Yolandé Jacobs en Flippie Smit  |
| 27 Julie | Arin Coetzer, Armin Hartzenberg, Charlie Meiring, Juan Smit en Francois Vlok        |

### **DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma  
Absa Tjekrek 1400590091  
Takkode 632005

